higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# TOERISTEBESTEMMINGS N5

(22030115)

**1 Junie 2021 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**OOPBOEKEKSAMEN**

**Studenteportefeuljes, klasaantekeninge en werkopdragte/projekte, voorgeskrewe handboek(e), 'n atlas, kaarte, reisbrosjures en die GSA-tydskrif mag gebruik word.**

**Kandidate word 15 minute leestyd gegun.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye, en 'n addendum van 5 bladsye.**

170Q1J2101

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
TOERISTEBESTEMMINGS N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**OPMERKING:** Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige TWEE vrae in AFDELING B.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
7. Skryf elke vraagnommer en die naam van die land, waar van toepassing, in hoofletters aan die bokant van elke bladsy.
8. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

**AFDELING A: (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1**

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n Kulturele wêrelderfenisterrein in Namibië:

A Vallée de Mai Nasionale Park
B Medina van Fès
C Die Louvre
D Twyfelfontein

1.2 'n Kulturele wêrelderfenisterrein in Botswana:

A Twyfelfontein
B Khami bouvalle
C Tsodilo rotskuns
D Lamu se ou dorp

1.3 'n Wêrelderfenisterrein in Zimbabwe:

A Mapungubwe
B Khami bouvalle
C Tsodilo rotskuns
D Lamu se ou dorp

1.4 Die massa water tussen Mosambiek en Madagaskar is die ... kanaal.

A Indiese
B Madagaskar
C Mosambiek
D Maputo

1.5 Die politieke hoofstad van Malawi:

A Blantyre
B Lilongwe
C Livingstonia
D Livingstone

1.6 Die Mosi-oa-Tunya waterval is 'n natuurlike wêrelderfenisterrein van ... en Zambië.

A die DRK
B Tanzanië
C Angola
D Zimbabwe

1.7 'n Kulturele wêrelderfenisterrein in Tanzanië:

A Lamu se ou dorp
B Zanzibar se ou dorp
C Persepolis
D Angkor

1.8 'n Kulturele wêrelderfenisterrein in Kenia:

A Twyfelfontein
B Khami bouvalle
C Tsodilo rotskuns
D Lamu se ou dorp

1.9 Die hoofstad van Uganda:

A Kampala
B Jinja
C Entebbe
D Fort Portal

1.10 Die koningryk van Marokko lê aan die ... punt van Afrika.

A mees oostelike
B mees westelike
C mees noordelike
D mees suidelike

1.11 'n Uitgestorwe voël van Mauritius is die ...

A pienk duif.
B roetsterretjie.
C blou visvanger.
D dodo.

1.12 Die hoofstad van die Seychelle:

A Antananarivo
B Saint Denis
C Victoria
D Port Louis

1.13 Die breedtegraad wat deur Madagaskar loop:

A Ewenaar
B Steenbokskeerkring
C Kreefskeerkring
D Boogskutterkeerkring

Kopiereg voorbehou 

1.14 Mayotte, een van die Comoro-eilande, behoort aan ... …

A Frankryk.
B die Verenigde Koninkryk.
C Spanje.
D Duitsland.

1.15 Die naaste kontinent aan die Maledive is ...

A Afrika.
B Asië.
C Europa.
D Noord-Amerika.

1.16 Die hoofstad van Réunion:

A Antananarivo
B Saint Denis
C Victoria
D Port Louis

1.17 Die langste rivier op die Afrika-kontinent is die ... rivier.

A Nyl
B Zambezi
C Limpopo
D Kunene

1.18 Die hoogste berg op die Afrika-kontinent:

A Berg Meru
B Berg Kilimandjaro
C Kenia
D Berg Binga

1.19 Die grootste meer op die Afrika-kontinent:

A Malawi-meer
B Tanganyika-meer
C Turkana-meer
D Victoria-meer

1.20 Die grootste woestyn op die Afrika-kontinent is die ... woestyn.

A Namib
B Kalahari
C Sahara
D Gibson

(20 × 2) **[40]**

**VRAAG 2: AFDELING OOR AFRIKA**

Verwys na die ADDENDUM (aangeheg) en jou eie bronne om die volgende vrae te beantwoord.

2.1 Op Dag 2 gaan die toergroep Namibië binne.

Noem die grenspos waar toegang verkry word. (1)

2.2 Noem die rivier wat die grens tussen Suid-Afrika en Namibië vorm. (1)

2.3 Op Dag 3 besigtig die groep die Visrivier-canyon.

Is die Visrivier-canyon die grootste of die tweede grootste canyon in die wêreld? (1)

2.4 Haal uit die passasie aan hoe die Visrivier-canyon lyk, veral wat fotograwe in die laatmiddaglig sal sien. (1)

2.5 Waar is die eindpunt van die bekende Visrivier-voetslaanroete? (1)

2.6 Op Dag 4 en Dag 5 reis die groep na Sossusvlei.

Beskryf hoe die natuurskoon lyk. (1)

2.7 Swakopmund staan as die vernaamste vakansiedorp in Namibië bekend.

Beskryf kortliks wat 'n toeris in die Swakopmund-museum kan sien. (2)

2.8 Noem EEN aktiwiteit wat op Dag 7 van die toer in Swakopmund en die omgewing gesien kan word. (1)

2.9 Noem die nasionale park suid van Swakopmund. (1)

2.10 'n Luukse treinrit word tussen Swakopmund en Windhoek bedryf.

Wat is die trein se naam? (1)

2.11 Noem EEN item wat besoekers by die Karakulia-wewers in Swakopmund kan koop. (1)

2.12 Op Dag 8 reis die toergroep van Kruiskaap na Brandberg.

Hoe hoog is die hoogste punt in Namibië in meter bokant seevlak? (1)

2.13 Vanaf Dag 10 tot Dag 12 besoek die groep die Etosha Nasionale Park.

Wat beteken "Etosha"? (1)

2.14 Noem EEN van die diere wat in die Etosha Nasionale Park gesien kan word. (1)

Kopiereg voorbehou 

2.15 Op Dag 13 besoek die groep die Caprivistrook.

Wat is die hoofstad van die Caprivistrook? (1)

2.16 Noem die rivier wat die Okavango Delta voed. (1)

2.17 Wat is 'n "mokoro"? (1)

2.18 Waarom is die Okavango-delta 'n binnelandse delta? Verduidelik kortliks wat met die water gebeur. (1)

2.19 Noem die toegangsdorp tot die Okavango Delta. (1)

2.20 Verwys na die GSA om EEN ligtevliegtuigmaatskappy te noem waar vlugte oor die delta bespreek kan word. (1)

2.21 In watter land is die Chobe Nasionale Park wat die toer op Dag 19 besoek? (1)

2.22 Waar is die Victoria-waterval geleë? Noem die rivier en buurlande. (3)

2.23 Hoe lank is die reistyd per pad vanaf Livingstone na Lusaka in ure en minute? (1)

2.24 Hoe groot is die Suid-Luangwa Nasionale Park? (1)

2.25 Wat is die ander naam van die Malawi-meer? (1)

2.26 Waar in Dar es Salaam sal 'n toeris die "Neutekrakerman", 'n menslike skedel wat deur die Leakeys ontdek is, kan besigtig? (1)

2.27 Hoe lank is die reistyd (een rigting) met 'n snelboot tussen Dar es Salaam en Zanzibar? (1)

2.28 Noem EEN kampterrein wanneer Kilimandjaro uitgeklim word. (1)

2.29 Noem die woud in die Ngorogoro-krater. (1)

2.30 Is die Ngorogoro-krater 'n kulturele, natuurlike of gemengde UNESCO-Wêrelderfenisterrein? (1)

2.31 Noem TWEE van die Groot Vyf wat volgens die reisplan in die Ngorogoro-krater gesien kan word. (2)

2.32 Noem die VYF lande wat hierdie toergroep sal besoek (lande waar die toer begin en eindig, uitgesluit). (5)

**[40]**

**VRAAG 3: AFDELING OOR DIE INDIESE-OSEAAN-EILANDE**

Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (3.1–3.20) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

3.1 Dziani Boundouni is ’n swaelagtige … op Mohéli, die Comore-eilande.

3.2 Die geboorteplek van die Malgassiese staat, wat ook as die Blou Stad, Heilige Stad of Verbode Stad bekend is, is ...

3.3 'n Berglodge op die Réunion-eiland word 'n genoem ...

3.4 Die IATA-kode vir Mauritius Internasionale Lughawe is ...

3.5 Die ... is 'n vis (wat Old Four Legs genoem word) wat as uitgestorwe beskou is, maar wat in die waters van die Comore, Kenia, Tanzanië en Mosambiek voorkom.

3.6 Die tydsone van die Seychelle is ...

3.7 Madagaskar staan ook as die Groot ... bekend.

3.8 Mauritius se Vlootmuseum is in ....

3.9 Die geldeenheid van die Maledive is die ....

3.10 Montagne d'Ambre is 'n nasionale park in …

3.11 Morne Seychellois Nasionale Park is die hoogste deel van die … eiland van die Seychelle.

3.12 Die mooiste strand op Anjouan, Comore is …

3.13 Esmeralda, op Bird Island, die Seychelle, is 'n ...

3.14 Die hoofstad van die Comore, aan Grand Comoros geleë, is ...

3.15 Tale wat in die Maledive gepraat word, sluit Engels en ... in.

3.16 Die geldeenheid wat op Réunion gebruik word, is die ...

3.17 Trou aux Cerfs in Mauritius is 'n uitgewerkte …

3.18 Die ander naam van Mayotte in die Comore-eilande is ...

3.19 Die afskaffing van slawerny word op 20 ... in Réunion gevier.

3.20 Die hoofstad van Madagaskar is ...

(20 × 2) **[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 120**

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 4

**AFDELING OOR AFRIKA: Kies slegs EEN van die volgende lande.**

4.1 Namibië

Kies 'n plek uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–V) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 4.1.1 | Hosea Kutako Internasionale Lughawe naby Windhoek | A | Keetmanshoop |
| 4.1.2 | Eros binnelandse lughawe naby Windhoek | B | Popa-waterval |
| 4.1.3 | Maharero-dag word in hierdie dorp gevier | C | Grootfontein |
| 4.1.4 | Onderwatermuseum naby Tsumeb | D | Khorixas |
| 4.1.5 | Hoba Meteoriet is 20 km van hierdie dorp af | E | Mariental |
| 4.1.6 | Was voorheen as Lüderitz bekend | F | Outjo |
| 4.1.7 | 'n Kokerboomwoud is naby hierdie dorp | G | WDH |
| 4.1.8 | Alte Feste is naby hierdie dorp | H | Epupa-waterval |
| 4.1.9 | Een van die ou Duitse kastele in Windhoek | I | ERS |
| 4.1.10 | Waterval in die Kunene-rivier | J | Walvisbaai |
| 4.1.11 | Waterval in die Okahandja-rivier | K | Swakopmund |
| 4.1.12 | Nie-amptelike hoofstad van Damaraland | L | Trans-Caprivi-hoofweg |
| 4.1.13 | Belangrikste hawestad | M | Schwerinsburg |
| 4.1.14 | Hoofweg deur die Caprivi-strook/Zambezi-streek | N | Mbungura Woodcraft Koöperasie |
| 4.1.15 | Die Woermann-huis is in hierdie dorp | O | Windhoek |
| 4.1.16 | Houtkerfwerk hier in Rundu te koop | P | Okahandja |
| 4.1.17 | Die naaste dorp aan die Hardap-dam | Q | Tintenpalast |
| 4.1.18 | Voormalige diamantmyndorp wat nou 'n verlate spookdorp is wat deur sandduine oorgeneem is | R | Otjikoto-meer |
| 4.1.19 | Duitse naam vir die Ink-paleis | S | Kolmanskop |
| 4.1.20 | Etosha se deurgang na die suide | T | !Nami#nus |
| | | U | OHI |
| | | V | Gobabis |

(20 × 1) (20)

Kopiereg voorbehou 

**OF**

4.2 Tanzanië

Kies 'n plek uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–V) langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.2.1 | Abeid Amani Karume Internasionale Lughawe | A | kangas |
| 4.2.2 | Arusha Binnelandse lughawe | B | Ruaha Nasionale Park |
| 4.2.3 | Sukuma/Bugobobobo | C | Pemba |
| 4.2.4 | Strand aan die noordkus van Dar es Salaam | D | Olduvai-bergkloof |
| 4.2.5 | Eiland noord van Zanzibar wat as die Groen Eiland bekend is | E | Rufiji |
| 4.2.6 | Dalla-Dallas | F | Mafia |
| 4.2.7 | Tradisionele helderkleurige katoenmateriaal | G | ZNZ |
| 4.2.8 | Gombe Stream Nasionale Park wat bekend is vir hierdie primate | H | Manyara-meer Nasionale Park |
| 4.2.9 | Strand aan die suidkus van Dar es Salaam | I | ARK |
| 4.2.10 | Nasionale park wat bekend is vir sy leeus wat boomklim en 'n vlak alkaliese meer | J | Kiswahili |
| 4.2.11 | Tanzanië se grootste nasionale park met pragtige uitsigte van die Ruhana-bergkloof | K | Selous-wildreservaat |
| 4.2.12 | Gebied in die Ngorogoro-krater wat as die 'Wieg van die Mensdom' bekend is | L | Unguja |
| 4.2.13 | Een van die amptelike tale | M | Ras Kutani |
| 4.2.14 | Spesery-eiland se ander naam | N | Swahili |
| 4.2.15 | Die grootste en oudste wildbewaringsgebied in Tanzanië | O | Sjimpansees |
| 4.2.16 | Een van die kulturele groepe in Tanzanië | P | Tradisionele danse |
| 4.2.17 | Die langste rivier in Tanzanië | Q | Serengeti Nasionale Park |
| 4.2.18 | Ngurdoto-krater, Momela-mere en Berg Meru is in hierdie nasionale park | R | Kunduchi |
| 4.2.19 | Nasionale park waar die jaarlikse migrasie van diere gesien kan word | S | Arusha Nasionale Park |
| 4.2.20 | Eiland 160 km suid van Zanzibar | T | minibusse |
| | | U | DAR |
| | | V | Victoria-meer |

(20 × 1) (20)

**OF**

4.3 Marokko

Kies 'n plek uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–V) langs die vraagnommer (4.3.1–4.3.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.3.1 | Oase naby Zagora met sy bekende biblioteek | A | Drâa-rivier |
| 4.3.2 | Antieke universiteit in Fès | B | Tangier |
| 4.3.3 | Stad wat as die Pienk Stad bekend is | C | Hercules-grot |
| 4.3.4 | Hoogste bergpiek, Jebel Jais | D | Rif-berg |
| 4.3.5 | Grootte naby Kaap Spartel | E | AT |
| 4.3.6 | Romeinse bouvalle naby Meknes | F | Westelike Sahara |
| 4.3.7 | Rivier wat gedeeltelike grens met Algerië vorm | G | Tamegroute |
| 4.3.8 | Geldeenheidkode | H | Paris-Dakar |
| 4.3.9 | Beste ski-oord in die land | I | Karaouine |
| 4.3.10 | Bekende motorwedren wat elke jaar deur hierdie land plaasgevind het | J | Casablanca |
| | | K | Todra-bergkloof |
| 4.3.11 | Stad wat as die deurgang van Afrika beskou word | L | RAK |
| 4.3.12 | Mees noordelike bergreeks in die land | M | Oukaïmeden |
| 4.3.13 | Grootste hawe in die land | N | Peñón de Vélez de la Gomera |
| 4.3.14 | IATA-lughawekode vir Marrakech | O | MAD |
| 4.3.15 | Skouspelagtige bergkloof in die Drâa-rivier | P | Marrakech |
| 4.3.16 | Een van die Spaanse enklawes | Q | Straat van Gibraltar |
| 4.3.17 | Nasionale lugredery se kode | R | Toubkal |
| 4.3.18 | Tweelingstad van Rabat | S | Salé |
| 4.3.19 | Seestraat tussen Marokko en Spanje | T | Volubilis |
| 4.3.20 | Streek suid van die Drâa-rivier wat feitlik die helfte van die land uitmaak | U | Berber |
| | | V | Koeskoes |

(20 × 1) (20)

**EN**

## AFDELING OOR DIE INDIESE EILAND

4.4 Die Seychelle

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.4.1–4.4.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

4.4.1 Die tydsone van die Seychelle is UT +4.

4.4.2 Die hoofstad van die Seychelle is Mahé.

4.4.3 Die Aldabra-atol is deel van die Seychelle.

4.4.4 Divehi is een van die tale wat in die Seychelle gepraat word.

4.4.5 Die Seychelle bestaan uit graniet- en koraaleilande.

4.4.6 Die Coco de Mer is 'n endemiese dubbelkokosneut van die Seychelle.

4.4.7 Die Kloktoring is 'n replika van Big Ben in Londen.

4.4.8 Die noordelikste eiland van die Seychelle is Arida.

4.4.9 Curieuse-eiland was 'n kolonie vir melaatses.

4.4.10 Die Cathedral of Immaculate Conception is die kleinste kerk in die Seychelle.

(10 × 2) (20)
**[40]**

**EN/OF**

## VRAAG 5

### AFDELING OOR AFRIKA

5.1 Botswana en Zimbabwe

5.1.1 Verduidelik die aantrekkingskrag van die Tsodilo UNESCO-wêrelderfenisterrein. (5)

5.1.2 Beskryf die diverse habitatte in die Chobe Nasionale Park. (5)

5.1.3 Beskryf die aantrekkingskrag van die Groot Zimbabwe UNESCO-wêrelderfenisterrein. (5)

5.1.4 Noem VYF aktiwiteite wat by die Victoria-waterval gedoen kan word. (5)

**EN**

**AFDELING OOR DIE INDIESE-OSEAAN-EILANDE**

5.2 Die Comore

5.2.1 Gee albei name van al VIER die Comore-eilande. (4 × 2) (8)

5.2.2 Wat is die volle naam van die internasionale lughawe naby Moroni? (1)

5.2.3 Wat is die Comore se tydsone? (1)

5.2.4 Watter EEN van die eilande is deel van Frankryk? (1)

5.2.5 Verduidelik die aantrekking van die Mosquée du Vendredi in Moroni. (3)

5.2.6 Het Suid-Afrikaanse paspoorthouers visums nodig vir 'n kort vakansie in die Comore? Verwys na die GSA en antwoord slegs 'Ja' of 'Nee'. (1)

5.2.7 Noem die TWEE amptelike tale van die Comore. (2)

5.2.8 Gee die volle naam van die geldeenheid van die Comore. (1)

5.2.9 Noem die hoogste punt van die eilandgroep. (1)

5.2.10 Die ander naam van Moroni is Port aux Boutres, wat Hawe van Dhows beteken.

Wat is 'n *dhow*? (1)

**[40]**

**EN/OF**

**VRAAG 6**

**AFDELING OOR AFRIKA: Kies slegs EEN van die volgende lande.**

6.1 Uganda

| | | |
|---|---|---|
| 6.1.1 | Noem die geldeenheid. | (2) |
| 6.1.2 | Gee die volle naam van die binnelandse lugredery wat geskeduleerde vlugte na Kihili onderneem. | (2) |
| 6.1.3 | Wat is die tydsone? | (2) |
| 6.1.4 | Gee die IATA-kode van die internasionale lughawe. | (2) |
| 6.1.5 | Noem die hoofstad van die land. | (2) |
| 6.1.6 | Wat is die beste tyd om die land te besoek? | (2) |
| 6.1.7 | Noem EEN inenting wat 'n mens moet kry voor jy die land besoek. | (2) |
| 6.1.8 | Wanneer word onafhanklikheidsdag gevier? | (2) |
| 6.1.9 | Noem EEN tradisionele item wat 'n mens in die land kan koop. | (2) |
| 6.1.10 | Noem EEN amptelike taal. | (2) |

**OF**

6.2 Kenia

| | | |
|---|---|---|
| 6.2.1 | Noem die geldeenheid. | (2) |
| 6.2.2 | Gee die volle naam van die nasionale lugredery. | (2) |
| 6.2.3 | Wat is die tydsone? | (2) |
| 6.2.4 | Gee die IATA-kode van die internasionale lughawe in die hoofstad. | (2) |
| 6.2.5 | Noem die hoofstad van die land. | (2) |
| 6.2.6 | Wat is die beste tyd om die land te besoek? | (2) |
| 6.2.7 | Noem EEN inenting wat 'n mens moet kry voor jy die land besoek. | (2) |
| 6.2.8 | Wanneer word onafhanklikheidsdag gevier? | (2) |
| 6.2.9 | Noem EEN tradisionele item wat 'n mens in die land kan koop. | (2) |
| 6.2.10 | Noem EEN amptelike taal. | (2) |

Kopiereg voorbehou 

**OF**

6.3 Mosambiek

| | | |
|---|---|---|
| 6.3.1 | Noem die geldeenheid. | (2) |
| 6.3.2 | Gee die volle naam van die nasionale lugredery. | (2) |
| 6.3.3 | Wat is die tydsone? | (2) |
| 6.3.4 | Gee die IATA-kode van die internasionale lughawe in die hoofstad. | (2) |
| 6.3.5 | Noem die hoofstad van die land. | (2) |
| 6.3.6 | Wat is die beste tyd om die land te besoek? | (2) |
| 6.3.7 | Noem EEN inenting wat 'n mens moet kry voor jy die land besoek. | (2) |
| 6.3.8 | Wanneer word onafhanklikheidsdag gevier? | (2) |
| 6.3.9 | Noem EEN tradisionele item wat 'n mens in die land kan koop. | (2) |
| 6.3.10 | Noem EEN amptelike taal. | (2) |

**EN**

**AFDELING OOR DIE INDIESE-OSEAAN-EILAND**

6.4 Die Maledive

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (6.4.1–6.4.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf. Korrigeer die stelling indien die antwoord ONWAAR is.

6.4.1 Die lughawe is op die Malé-eiland.

6.4.2 Die Malé-eiland se bynaam is die 'Eiland van die Sultans'.

6.4.3 Ramadan is 'n Christelike fees.

6.4.4 Skulpe mag as aandenkings op die strand opgetel word.

6.4.5 Die grootste strandmeer in op Nakachchaafushi, Kaafu-atol.

6.4.6 Constance Moofushi is 'n hotel op die Suidelike Ari-atol.

6.4.7 Baa-atol is 'n UNESCO-wêreldbiosfeerreservaat.

6.4.8 Die Sultan-park is 'n park in Malé met damme, waterlelies en bome.

6.4.9 Die warmste maand is April.

6.4.10 Die tydsone is UT +4.

(10 × 2) (20)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

**ADDENDUM**

**Die beste safari en ekspedisie in Suidelike en Oos-Afrika**

Dag 1: Die pad noord vanaf Kaapstad
Ontmoet jou gids en bestyg die voertuig vir die begin van jou avontuur.

Dag 2: Namibië
Na 'n vinnige swem in die heerlike warm water, reis jy noord en kruis die grens na Namibië. Met aankoms by die kampterrein op die oewer van die Oranje-rivier, is die uitgestrektheid van die landskap duidelik.

Dag 3: Roei op die Oranje-rivier
Geniet 'n oggend se kanovaart op die Oranje-rivier saam met 'n gids. Die rit op hierdie groot watermassa deur die dramaties uitgekerfde rotsvallei, bied aan 'n mens 'n kykie in die geologiese tyd wat moes verbygaan om sulke fantastiese rotsformasies te skep.

Hierna vertrek jy na die Visrivier-canyon waar 'n grootse landskap jou inwag. Vergelykbaar met die Grand Canyon, bied hierdie reuse skeur in die aarde uitstaande fotogeleenthede. In die laatmiddaglig kry die rotse 'n rooierige skynsel, en die valleivloer, ver onder jou, word gaandeweg deur donker skadu verswelg.

Dag 4: In die Namib
Vertrek na ontbyt vanaf die Visrivier-canyon op pad na Sossusvlei in die Namib-woestyn. Die landskap op pad is asemrowend waar groot rotse oor uitgestrekte gruisvlaktes strek en skerp berge in die lug in beur. Die grootsheid van die plek laat 'n mens klein voel wanneer jy by die kampterrein naby die Sesriem-canyon aankom.

Dag 5: In die duine
'n Vroeë vertrek neem jou in die Sossusvlei-duine in. Hierdie sandberge is van die grootstes in die wêreld en hul seningrige vorms en skaduwees bied uitstekende fotogeleenthede. As jy energiek genoeg is, kan jy die duin wat as 'Big Daddy' bekend is, uitklim. Die uitsig van bo af is die moeite werd, en dan kan jy al die pad aftuimel!

Dag 6: Swakopmund
Na ontbyt vertrek die groep na Swakopmund. Hierdie sonderlinge Duitse dorpie is tussen die woestyn en die oseaan en is dikwels toe onder die seemis. Die wandelpad langs die see is 'n wonderlike plek vir 'n wandeling in die aand en 'n verskeidenheid kafees en restaurante bedien fantastiese vars seekos.

Dag 7: Swakopmund-avonture
Die dorp bied 'n verskeidenheid aktiwiteite en 'n mens kan kies uit valskermspring oor die woestyn of in die duine met vierwielfietse rondrits. Jy kan ook die museums en wandelpaaie van hierdie fassinerende dorp, wat vol Duitse geskiedenis en deur die woestyn omring is, besoek.

Kopiereg voorbehou 

**ADDENDUM (vervolg)**

<u>Dag 8: Kruiskaap na Brandberg</u>
Vroegoggend besoek die groep die Kruiskaap-robkolonie waar duisende Kaapse pelsrobbe op die strand lê en in die see baljaar. Wees op die uitkyk vir jakkalse, bruinhiënas en aasvoëls wat naby rondsluip om dooie robbe te vreet.

Hiervandaan vertrek die groep die binneland in na Brandberg, Namibië se hoogste berg, wat van ver af sigbaar is en oor die omliggende gruisvlaktes uittroon. Verskeie Namibiese stamme eerbiedig die berg en die naam verwys na die berg se kleur wanneer die son sak. 'n Kort wandeling in die voetheuwels neem jou na 'n rotskunspaneel, die 'Wit Vrou', wat sowat 2 000 jaar gelede deur die San Boesmans gemaak is.

<u>Dag 9: Besoek die jagluiperdprogram</u>
Vertrek na ontbyt vanaf Brandberg na die jagluiperdprojek.

<u>Dag 10: Etosha</u>
Reis noordwaarts na die Etosha Nasionale Park. 'Etosha' in die plaaslike taal beteken 'plek van droë water' wat verwys na 'n reuse southolte wat oor duisende vierkante kilometer strek.

<u>Dag 11–12: Ervaar Etosha</u>
Verken die park vroegoggend en laatmiddag op wildritte waarmee hierdie uitgestrekte landskap met 'n verrassende hoeveelheid wild besigtig kan word. Om olifante wat grys-wit van die stof is deur die ruimte wat hulle klein laat lyk te sien beweeg, is asemrowend. Watergate lok 'n verskeidenheid diere soos gemsbokke, springbokke, kameelperde, sebras en koedoes wat hul dors kom les en as jy mooi kyk, sien jy dalk 'n grys leeu of twee wat onder bosse skuil.

In die warm dag bied die swembad by die kampterrein 'n welkome verposing terwyl jy op die volgende wildrit wag. In die aande word nabygeleë watergate verlig. Dit is fassinerend om te sien watter diere uit die donker te voorskyn kom om te drink.

<u>Dag 13: Die Caprivi-strook</u>
Vanaf Etosha reis die groep oos na die Caprivi-strook waar die landskap met plantegroei wat deur die Kavango-rivier gevoed word, al digter groei. Jy kamp op die rivieroewer in afwagting op die welbekende Okavango-delta wat die volgende bestemming is.

**ADDENDUM (vervolg)**

Dag 14–16: 'n Okavanago-avontuur
Gaan Botswana binne op pad na die pypsteelstreek van die Okavango. Die voertuie word verruil vir viertrekvragmotors en motorbote aangesien die terrein al meer sanderig en moerasagtig word. By die delta aangekom, verruil jy die voertuie vir 'n mokoro, 'n tradisionele uitholkanoe wat die plaaslike bevolking al die eeue gebruik om op die delta te vaar. Die stuurder wat agter staan, stuur die kanoe met 'n lang stok oor die water. Die delta is 'n reuse doolhof kanale, waterweë en strandmere met boomryke eilande en vloedvlaktes. As oase in die droë Kalahari-woestyn, ondersteun dit 'n groot verskeidenheid dierelewe. Seekoeie snork in die dieper kanale, krokodille bak op sandbanke in die son, visarende skree in die lug en visvangertjies is soos skitterende juwele in die papirus. Basterwaterbokke en Kaapse buffels is naby die kanale op die vloedvlaktes sigbaar en troppe olifante bars deur die bome op die eilande. Saans, in die jou kamp op 'n eiland, mag jy hoor hoe leeus van verskeie troppe brul om mekaar te waarsku om weg te bly, wat met die maniese gegiggel van hiënas onderbreek word.

Dag 21: Besoek die Victoria-waterval
Vertrek die oggend na die Victoria-waterval. Dit is een van die mees indrukwekkende plekke ter wêreld. 'n Watergordyn van 'n myl breed tuimel oor 'n skeur in die aardoppervlak en borrel en kook in die diep bergkloof. Die krag van die waterval is so ontsettend dat die sproei wat in 'n kolom opstyg, vir kilometers in alle rigtings sigbaar is. Die geluid van al die vallende water veroorsaak 'n diep gerammel wat 'n mens in jou bene kan voel. Dit is nie snaaks dat die plaaslike bevolking dit 'Mosi-oa-Tunya' – 'Die rook wat donder' noem nie.

Dag 22–24: Victoria-waterval – adrenalien-aktiwiteite
Jy kry die geleentheid om aan enige van die verskillende aktiwiteite deel te neem wat in Livingstone aangebied word. Jy kan rekspring vanaf 'n brug aan die onderkant van die waterval, 'n hengelvaart onderneem om die legendariese tiervis te probeer uittrek, 'n sonsondergangvaart op die Zambezi-rivier onderneem en nog vele meer.

Dag 25: In Zambië
Vertrek weer noord op pad na Lusaka en die Suidelike Luanga-rivier.

Dag 26–27: Suidelike Luangwa Nasionale Park
Geniet oggend- en aandwildritte in die Suidelik Luangwa Nasionale Park. Soek die immer sku luiperds en sien 'n groot verskeidenheid grootwild, wat seekoeie en olifante insluit.

Dag 28: In Malawi
Gaan Malawi binne en bestee die dag in die markte van Lilongwe, waar 'n groot verskeidenheid handwerk en kurio's te koop aangebied word.

Dag 29–31: Malawi-meer
Arriveer aan die oewer van die Malawi-meer, 'n varswatermeer wat so groot is soos Israel. Geniet die strande, snorkel tussen endemiese tropiese vis, ry perd langs die oewer, besoek die plaaslike dorpie en geniet watersport in die warm, tropiese water van die meer.

Kopiereg voorbehou 

**ADDENDUM (vervolg)**

Dag 32: In Tanzanië
Reis noordwaarts langs die meer na Tanzanië waar die groep 'n teeplantasie besoek en oornag.

Dag 33: Vertrek na die hooglande
Die pad na Dar es Salaam neem die groep na die koel hooglande van Tanzanië waar die nag vertoef word.

Dag 34: Dar es Salaam
Reis deur die Mikumi Nasionale Park en wees op die uitkyk vir wild op pad na Dar es Salaam.

Dag 35–37: Zanzibar
Neem 'n veerboot oor die see na die spesery-eiland, Zanzibar. Verken die smal straatjies en kleurvolle markte van Klipdorp, onderneem 'n speserytoer en geniet die pragtige noordelike strande.

Dag 38: Keer terug na Dar es Salaam
Neem weer die veerboot na Dar es Salaam waar die nag oorgebly word.

Dag 39: Noordwaarts na Arusha
Neem die pad noordwaarts deur landelike Tanzanië. Op 'n helder dag kan die volgende bestemming, Berg Kilimandjaro, in die verte gesien word. Reis in die laatmiddag by Kilimandjaro verby tot by die kampterrein in Arushu, met 'n wonderlike uitsig van Berg Meru tydens sonsondergang.

Dag 40: Ngorogoro-krater
Na 'n besoek aan Arushu se handwerk- en kunsmarkte, neem die pad wes na die Ngorogoro-krater om teen sonsondergang op die rand van die krater aan te kom.

Dag 41: In die krater
In die oggend gaan die groep teen die walle van hierdie uitgewerkte kaldeira af waarin die grootste konsentrasie dierelewe op aarde voorkom. In hierdie uitgestrekte krater bestaan al die habitatte wat nodig is vir die oorlewing van duisende diere: fonteine, waterstrome, woude en grasvelde ondersteun 'n ongelooflike verskeidenheid lewe. Hier is nog reuse groottandolifante en swartrenosters in die woude en is die gebied se beroemde leeus met hul swart maanhare te sien.

Die konsentrasies wild wat uniek aan hierdie streek is en die ongelooflike natuurskoon, maak die Ngorogoro-krater 'n fees vir al die sintuie. Hier kan 'n mens maklik dit Groot Vyf op een wildrit te siene kry, maar daar is soveel meer om te ervaar. Groot troppe gaselle, wildebeeste en sebras oorspoel die vlaktes en roofdiere wat nie gereeld gesien word nie, soos rooikatte, gevlekte hiënas en tierboskatte is volop. Die Lerai-woud en -moerasse is die beste plek om groottandolifante te sien en dit is asemrowend om hierdie kolosse deur die majestueuse landskap van die krater te sien beweeg.

**ADDENDUM (vervolg)**

Dag 42: Besoek aan 'n Masai-dorpie
Vertrek vanaf die Ngorogoro-krater, terug na Arusha, en stop op pad by 'n Masai-dorpie, waar jy 'n lewenstyl kan beleef wat só van jou eie verskil. Jy besoek hul manyatta (kraal) waar hierdie trotse veeboere in hul helderrooi tooisels jou in hul huise verwelkom en meer oor hul lewenswyse meedeel.

Dag 43: Nairobi, Kenia
Reis verder noord oor die grens tot in Kenia, waar jou asemrowende reis in Nairobi tot 'n einde kom.

[Aangepas uit: *https://www.zicasso.com/luxury-vacation-botswana-kenya-malawi-namibia-south-africa-tanzania-zambia-tours/ultimate-southern*]

Kopiereg voorbehou